

10 Mei - HAND

Skrifgedeelte: Psalm 73:1-3, 15-28 (OAV/NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 73:23

Asaf het 'n lewenskrisis beleef. Hy is geleer dat God regverdiges seën en goddeloses straf (vs 1). Maar toe hy kyk wat om hom aangaan, het die teendeel waar gelyk: Hoe meer boos mense gelewe het, hoe groter hulle voorspoed (vs 3-12).

Dit was vir Asaf byna te veel om te hanteer (vs 13, 14). Sy vertrou het in twyfel verander (vs 2): "Hoe kón God dit so beskik?!"

Dit was eers toe hy vanuit God se perspektief begin kyk het (vs 17) dat hy rus gekry het. Skaam-skaam erken hy dan ook sy dwaasheid (vs 21, 22): Want hoe is dit eintlik met goddelose mense? "U laat hulle op gladde plekke loop, U laat hulle ondergaan deur hulle eie geknoei. In 'n oogwink word hulle iets afgrysligs, gaan hulle te gronde, tref 'n verskriklike einde hulle."

Uiteindelik bely Asaf roerend dat daar niks in die hemel of op die aarde is wat vir hom meer beteken as die Here nie. Want ja, wat maak die verskil? Waar goddelose mense op gladde plekke loop en hulle hulself enige oomblik te pletter kan val, erken Asaf ook: "Tog was ek nog altyd by U." Hoekom? Omdat ek U gekies het? Nee. "... want U vat my aan die hand. U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem." Al het ek my soos 'n redelose dier gedra (vs 22) en my op gladde paaie begewe, het die Here my hand gevat en gekeer dat ek gly en val.

Loof die Here. Hy bied nie sy hand maar net vir jou aan om te vat as jy wil nie. Hy vat jou aan die hand. Hy hou jou vas. Selfs al sou jou greep soms verslap, selfs al sou jy soms aan sy goedheid begin twyfel, laat Hy jou hand nooit los nie.

Jesus sê uiteindelik Self dat niemand dié wat die Vader Hom gegee het, uit sy hand kan ruk nie (Joh 10:28-30).

Sing: Psalm 23:1 of 73:10, 11(1936-beryming)

Ds DF Muller (Buffeldoorns)